Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2015

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1
# MEMORANDUM

**PUNTE: 80**

Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.

- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.

- As ŉ taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Indien ŉ spelfout die betekenis van ŉ eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.

- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.

- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.

- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ... .

- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ŉ hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.

- Indien ŉ antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.

- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

- Aanvaar dialektiese variasies.

- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

## VRAAG 1: ARTIKEL

## TEKS A

| VRAAG | ANTWOORD | | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|
| 1.1 | brandende stukkie twak ✓ (dit moet die presiese woorde wees vir 'n punt) | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.2 | Nikotien ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.3 | Jean Nicot de Villemain ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.4 | longkanker ✓ óf<br>hartsiektes ✓ óf<br>chroniese brongitis ✓ óf<br>emfiseem ✓ (Enige 2) | | (2) | 1 |
| | | | | |
| 1.5 | Amerikas ✓ | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.6 | Baie besig wees. ✓ óf<br>Wakker wees. ✓ óf<br>Op dreef wees. ✓ óf<br>Dinge/stappe word gedoen. ✓ óf<br>Bedrywig wees. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (1) | 4 |
| | | | | |
| 1.7 | lipkanker ✓ óf<br>tongkanker ✓ óf<br>mond- en keelkanker ✓ (Enige 1) | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.8 | *"... (is) die dampe wat 'n brandende sigaret afgee en deur die roker ingeasem word, (is)* ***die gevaarlikste****."* ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.9 | Al hierdie dinge is gewoontevormend. ✓✓ óf<br>Al hierdie dinge is verslawend. ✓✓ óf<br>Al hierdie dinge is 'n soort dwelm. ✓✓<br>Dit laat hulle lekker voel daarom hou hulle aan. ✓✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 1.10 | 1.10.1 | onwaar ✓ | | |
| | | | | |
| | 1.10.2 | *"... maar kan ook sielkundige probleme, soos depressie by jong mense veroorsaak.* ✓ óf<br>*geneig om 'n sielkundige te spreek weens 'n emosionele of sielkundige probleem.*" ✓ | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.11 | Meer geneig tot siektes ✓ óf<br>Meer geneig tot longprobleme ✓ óf<br>Meer geneig tot emosionele probleme ✓ óf<br>Meer geneig tot sielkundige probleme ✓<br>(of soortgelyke antwoord uit paragraaf 9) | | (1) | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.12 | Dat rook sleg vir jou gesondheid is. ✓✓ óf<br>Dat jy nooit moet (begin) rook nie. ✓✓ óf<br>Dat jy nie te jonk moet begin rook nie. ✓✓ óf<br>Dat, as jy rook, dit ook sleg/nadelig vir ander mense om jou is. ✓✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (2) | 4 |
| | | | | |
| 1.13 | Elektronies(e) ✓<br>(*electronic* – word nie aanvaar nie) | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.14 | As hulle rook inasem, kan dit hulle longe/gesondheid affekteer. ✓ óf<br>As hulle rook inasem, kan hulle in allergiese reaksies ontwikkel. ✓ óf<br>As hulle rook inasem, kan hulle (baie) siek word. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.15 | E-sigarette (dit) bevat 40% minder nikotien. ✓ óf<br>Dit bevat slegs 60% nikotien van ŉ gewone sigaret. ✓ óf<br>E-sigarette (dit) bevat minder nikotien as sigarette. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (1) | 2 |
| | | | | |
| 1.16 | Om te rook is nonsens. ✓✓ óf<br>Om te rook is onsin. ✓✓ óf<br>Om te rook is ŉ onbelangrike ding. ✓✓ óf<br>Om te rook het geen belangrike betekenis nie. ✓✓ óf<br>Om te rook het nie waarde nie. ✓✓ óf<br>Om te rook is gemors. ✓✓ óf<br>Om te rook is ŉ mors (van geld). ✓✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (2) | 3 |
| | | | | |
| 1.17 | 1.17.1 | Figuurlik ✓ | (1) | 4 |
| | | | | |
| | 1.17.2 | Dit beteken enige persoon (enige iemand) kan rook. ✓✓ óf<br>ŉ Bobbejaan verwys ook na ŉ dom mens (wat rook). ✓✓<br>(of soortgelyke antwoord) | (2) | 3 |
| | | | | |
| 1.18 | Carol Kane ✓ | | (1) | 1 |
| | | | | |
| 1.19 | **D** ✓ óf<br>Van aaklige dinge hou. ✓ óf<br>**D** van aaklige dinge hou. ✓<br>(Enige antwoord sal as korrek aanvaar word.) | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.20 | Hulle is bang. ✓ óf<br>Hulle wil sien of daar nie iets / iemand is wat wegkruip nie. ✓ | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.21 | Dit het 4 sterre gekry. ✓ óf<br>Die film het baie wins (35 miljoen dollar wins) in Amerika gemaak. ✓ | | (1) | 3 |
| | | | | |
| 1.22 | Hy terroriseer haar oor die telefoon. ✓ óf<br>Hy maak haar oor die telefoon bang. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | (1) | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.23 | Afgeleë ✓ | (1) | 1 |
| | | | |
| 1.24 | As ʼn mens alleen op ʼn afgeleë plek is, en iemand terroriseer jou, sal jy bang word. ✓ óf<br>As iemand jou (vir ure) bel (en terroriseer) en jy weet nie wie aan die anderkant van die telefoon is nie, sal jy bang word. ✓ óf<br>Jy sal bang wees as jy alleen by kinders (op ʼn afgeleë plek) is. ✓ óf<br>Jy sal bang wees as jy alleen in ʼn groot huis kinders oppas. ✓ óf<br>Die fliekganger leef hom in en sal dan self deel voel daarvan. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | (1) | 3 |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

**ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om ʼn geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sovêr as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie ʼn TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE ʼN PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:**
**Die hoofgedagte kan in ʼn volsin of in ʼn sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.**

**Puntetoekenning:**
1–3 feite korrek: 1 punt
4–5 feite korrek: 2 punte
6–7 feite korrek: 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**
**<u>L.W.: Die hoofgedagte kan in ʼn volsin of in ʼn sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.</u>**

**Puntetoekenning:**
6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
1–5 aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**

| | |
|---|---|
| Feit | 7 |
| Taal | 3 |
| Totaal | 10 |

**LET WEL**

**Formaat:**
- Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**
- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), sien tot aan die einde van die volsin na.
- **Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie**.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

**OPDRAG**: Skryf 7 wenke ***hoe om jou vir die nuwe seisoen voor te berei***, neer.
- **Daar kom 9 moontlike feite in die leesstuk voor.**
- Die onderstreepte sinne kan moontlik direk aangehaal word.

| MANIERE HOE OM JOU VIR DIE NUWE SEISOEN VOOR TE BEREI. | |
|---|---|
| Die lente is hier en dit is nou tyd om daardie wintervaalte uit jou te kry en weer ʼn huppel in jou stap te sit. | Geen wenk nie |
| ʼn Goeie manier om jou lewe weer reg te kry, is om al die halfvoltooide take klaar te maak soos byvoorbeeld die halfgelese boeke klaar te lees. Niks is lekkerder as jy iets afgehandel het nie, al is dit ook iets eenvoudig. | 1. Jy moet onvoltooide take klaarmaak. ✓<br>óf<br>Dit is lekker om take klaar te maak. ✓ |
| Begin ook om oulike plekkies in jou dorp waarvan jy vergeet het, te herontdek of om plekke waarby jy nog nooit uitgekom het nie, te besoek. | 2. Herontdek nuwe plekke rondom jou. ✓<br>3. Besoek nuwe plekke. ✓ |
| Ontgif jou liggaam deur ʼn gesonde en voedsame dieet te volg, om meer water te drink en weg te bly van rommelkos. | 4. Jy moet liggaam ontgif deur gesond en voedsaam te eet ✓<br>5. Jy moet meer water drink en wegbly van rommelkos. ✓ |
| Moenie die belangrikheid van ʼn goeie nagrus of ʼn middagslapie, hoe kort ook al, onderskat nie. Dit verbeter jou energie en dit laat jou goed lyk. | 6. Jy moet genoeg slaap om beter te voel en te lyk. ✓ |
| Maak jou kamer skoon deur onnodige goed vir liefdadigheid te gee. Dit sal ʼn mens altyd baie goed laat voel. | 7. Maak jou kamer skoon deur onnodige goed uit te gooi. ✓<br>*(Die feit dat jy jouself help en ander mense goed laat voel is nie ʼn manier hoe jy jou moet voorberei nie.)* |

| | | |
|---|---|---|
| Jou liggaam sal oefening waardeer, maar onthou om stadig te begin; ’n paar treë op ’n slag, klim trap in plaas daarvan om die hysbak te gebruik, parkeer jou motor verder weg wanneer jy winkels toe gaan. | 8. | Jy moet gereeld oefen. ✓ *(Watter tipe oefening is aanvullend en tot die feit dat jy gereeld moet oefen.)* |
| Dis ’n nuwe seisoen. Dis ’n goeie tyd om iets nuuts te begin, iets wat jy miskien al lankal wou doen, soos kuns, fotografie, in die berge te gaan stap, familie te besoek of om op ’n bootreis te gaan ... | 9. | Doen iets nuuts in die lente. ✓ *(Wat jy moet doen is aanvullend tot die feit dat jy iets nuuts moet doen*.) |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAAL

### ASSESSERINGSRIGLYNE

### WOORD- EN SINSTRUKTURE

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Kandidate moet nie die hele sin skryf nie, indien daar gevra word om net die woord te skryf.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met een woord antwoorde**; behalwe waar spelling getoets word.
- Taalfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om ŉ punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, **moet die hele sin uitgeskryf word.**
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

| VRAAG 3: ADVERTENSIE | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| 3.1 | … ŉ bankrekening by Nedbank oop te maak. ✓ óf<br>… geld te spaar (om iets later te koop). ✓ óf<br>… spaarrekening oop te maak. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Herkenning van asook die funksionaliteit en impak van manipulerende taal. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.2 | Jongmense ✓ óf<br>Tieners ✓ óf<br>Skoolkinders ✓ óf<br>Studente ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Analisering van die boodskap om sodoende die teikenmark te identifiseer. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.3 | Om die leser / teikenmark persoonlik aan te spreek. ✓ óf<br>Om die advertensie persoonlik te maak. ✓ óf<br>Om jou spesiaal/belangrik te laat voel. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Met die gebruik van die eerstepersoonspreker, kry die advertensie ŉ persoonlike aanslag. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.4 | My Toekoms, My Bank. ✓ | Die herken en uitken van die advertensie slagspreuk teenoor die maatskappy se leuse. | (1) | 2 |
| | | | | |
| 3.5 | Om mense wat nie Afrikaans is nie en wat die advertensie sien, aan te spreek. ✓ óf<br>Om die uitspraak van 4 as ***for*** te maak. ✓ óf<br>Die uitspraak 4 in Afrikaans is **vier** en sal nie pas as dit in Afrikaans geskryf is nie. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Om woordgebruik binne konteks en vir effek te herken en te verstaan. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.6 | Dui op beklemtoning/uitlig van die rentekoers. ✓ óf<br>Speel op die emosie van die leser dat hy nie beter kan kry nie. ✓ óf<br>Dat die rentekoers beter as goed/uitstekend is. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Kennis van die funksionaliteit en impak van adjektiewe in advertensies. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.7 | Dit beklemtoon die feit dat dit maklik is. ✓ en/óf<br>Dit laat die leser verder dink dat dit maklik is. ✓ óf<br>Die adverteerder wil hê die leser moet (positief) op die advertensie reageer (en ŉ bankrekening oopmaak). ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Kennis van die impak van punktuasie op die oordra van die boodskap het. | (1) | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.8 | Hierdie woorde word beklemtoon. (NIE **emfiseer** NIE). ✓ óf<br>Vir ekstra effek. ✓ óf<br>Om die idees belangrik te maak / te laat uitstaan. ✓ óf<br>Om die leser se aandag te trek. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Kennis van die impak wat lettertipes of vetdruk van woorde op die oordra van die boodskap het. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 3.9 | Ja **(geen punte word vir JA toegeken nie, slegs vir 'n logiese motivering).**<br>Dit is lekker (pret) om geld te kan spaar. ✓ óf<br>Dit is lekker om eendag vir jou iets te kan koop met die geld wat jy gespaar het. ✓<br>(of enige logiese antwoord)<br><br>Nee **(geen punte word vir NEE toegeken nie, slegs vir 'n logiese motivering).**<br>Dit is nie lekker om geld te spaar (as jy reeds te min geld het) nie. ✓ óf<br>Jy kan pret hê sonder om geld te spaar. ✓<br>(of enige logiese antwoord) | Kennis van die funksionaliteit en impak van die gebruik van emosionele oorredende taal in advertensies. | (1) | 5 |
| | | | | |
| 3.10 | Geld / rande / sente / rande en sente. ✓<br>(Enige woord kan aanvaar word.) | Om manipulerende woordeskat binne tienerkonteks te verstaan en die betekenis van die woord te ken. | (1) | 1 |
| | | | **[10]** | |

**VRAAG 4: STROKIE**

Die vrae wat volg, is op die strokies hieronder gebaseer.

| VRAAG | ANTWOORD | | PUNT | | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Neelsie is lui. ✓ óf<br>Neelsie wil niks doen nie. ✓ óf<br>Neelsie werk nie. ✓ óf<br>Neelsie dink net aan vakansie. ✓ óf<br>Neelsie dink nie aan werk nie ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | Begrip en verstaan van suggestie binne konteks. | (1) | 3 |
| 4.2 | Hy wou sy pa eers gerusstel. ✓ óf<br>Hy wou sy pa sag maak. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | Begrip en verstaan van suggestie binne konteks. | (1) | 3 |
| 4.3 | Sy mond is vertrek. ✓ óf<br>Sy oë is toe met 'n kwaai trek. ✓ óf<br>Daar is skree strepies voor sy mond. ✓ óf<br>Die woorde is in 'n skree-spraakborrel. ✓ óf<br>Die woorde is vetgedruk en groot. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | Begrip en verstaan van visuele aanwysings/ riglyne van liggaamstaal, lettertipe en -grootte en vorming van spraakborrels in die skets. | (1) | 3 |
| 4.4 | Die papiere waai oral rond. ✓ óf<br>Sy pen is nog in die lug. ✓ óf<br>Neelsie is nog besig om die slang vir hom te gee (toe is hy nie meer daar nie).✓ (of soortgelyke antwoord) | | Begrip en verstaan van visuele aanwysings/ riglyne van vinnige beweging in die skets. | (1) | 3 |
| 4.5 | Neelsie is nou (letterlik) doof na Meneer so hard geskree het. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | | Woordeskat en insig in die gebruik van letterlike betekenis van woordgebruik in konteks. | (1) | 3 |
| 4.6 | 4.6.1 | Konnotatief ✓ | Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal. | (1) | 4 |
| | 4.6.2 | Neelsie luister nie na wat Meneer vir hom sê nie. ✓ óf<br>Dit word figuurlik bedoel. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Woordeskat en insig in die gebruik van figuurlike taal. | (1) | 2 |
| 4.7 | B Hy WIL niks hoor nie. ✓ | | Kennis van idiomatiese taal. | (1) | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.8 | Sy oë is groot. ✓ óf<br>Sy oë is gerek. ✓<br>Hy konsentreer op wat hy doen. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Begrip en verstaan van gesigsuitdrukking binne konteks. | (1) | 3 |
| | | | | |
| 4.9 | Skoolkind A en B het net gewone projekte. ✓ óf<br>Neelsie het ’n giftige slang wat die projek anders as die ander kinders s’n maak. ✓ óf<br>Neelsie het ’n gevaarlike projek. ✓ óf<br>Neelsie beklemtoon die giftige slange. ✓<br>(of soortgelyke antwoord) | Funksionaliteit van leestekens. | (1) | 1 |
| | | | **[10]** | |

**VRAAG 5: PROSA**

- Die vrae wat volg, is op die prosastuk hieronder gebaseer.
- Aanvaar eenwoord-antwoorde met of sonder 'n hoofletter.

| VRAAG | ANTWOORD | | | PUNT | DENK-VLAK |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.1 | Ou Charlie behoort nie **te rook** nie. ✓ | | Korrekte toepassing van die infinitief. Kennis dat na behoort nie **om te** volg nie. | (1) | 2 |
| 5.2 | Hy **het** raas **gekry** ✓ **toe** hy rook. ✓<br>Hy **het** raas **gekry** ✓ **toe** hy **gerook het**.✓ | | Die korrekte plasing van die hulpwerkwoord **het** en hoofwerkwoord **kry** wat na die einde van die eerste sin skuif (voor die voegwoord) met **ge**-.<br>Die korrekte verandering van **wanneer** na **toe** in die verlede tyd.<br>Die tweede hoofwerkwoord kan oor in die verlede tyd gegee word met het wat daarop volg. | (2) | 2 |
| 5.3 | **Oneerlik** ✓<br>**Skelm** ✓<br>**Agteraf** ✓<br>(Kandidaat moet slegs die woord neerskryf, soos gevra, om 'n punt te verdien.) | | Woordeskat | (1) | 1 |
| 5.4 | **Slegter** ✓<br>(Kandidaat moet slegs die woord neerskryf, soos gevra, om 'n punt te verdien.) | | Gebruik van die vergrotende trap. | (1) | 1 |
| 5.5 | 5.5.1 | **Nee**, sy het **nie** gerook **nie**. ✓ | Kennis en korrekte gebruik van die ontkennende vorm / negatief. | (1) | 1 |
| | 5.5.2 | Dier**e**tuin ✓<br>(Kandidaat moet slegs die woord neerskryf, soos gevra, om 'n punt te verdien.) | Korrekte spelling en die korrekte gebruik van die verbindingsklank. | (1) | 1 |
| 5.6 | 'n Sigaret **sal** nooit **deur** Charlie **opgetel word** nie. ✓ | | Gebruik aktiewe → passiewe vorm: toekomende tyd.<br>VW + **SAL** + negatief + **DEUR** + OW + **GE**(ww) **WORD** + negatief. | (1) | 2 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 5.7 | 5.7.1 | Ons gaan 'n kringtelevisiekamera in die hokke sit **sodat** ons hulle 24 uur 'n dag **kan** dophou. ✓ | Kennis van die indeling van voegwoorde in die korrekte groep.<br>Sodat – groep 3.<br>Kan skuif na die agterkant van die sin (voor die hoofwerkwoord). | (1) | 2 |
| | | | | | |
| | 5.7.2 | Veertien ✓ | Korrekte spelling. | (1) | 1 |
| | | | | | |
| | 5.7.3 | Hy sê **dat hulle** ✓ 'n kringtelevisiekamera in die hokke **gaan** sit. ✓<br>Hy **sê hulle gaan** ✓ 'n kringtelevisiekamera in die hokke sit. ✓ | Gebruik van die indirekte rede.<br>Voorbeeld 1:<br>Korrekte plasing van die voegwoord dat en die hulpwerkwoord, **gaan**, wat na die agterkant van die sin skuif (voor die hoofwerkwoord). **Ons** verander na **hulle.** | (2) | 2 |
| | | | | | |
| 5.8 | Hy **sal** / gaan ✓ sy hand uitsteek en (sal / gaan) op sy bo-arm **klap**. ✓<br>(Die tweede sal/gaan is opsioneel, maar indien die kandidaat dit skryf, moet beide korrek wees om die punt te verdien.) | | Gebruik van die toekomende tyd.<br>Die korrekte plasing van die hulpwerkwoord en hoofwerkwoord wat na die einde van die sin skuif. | (1) | 2 |
| | | | | | |
| 5.9 | **Daagliks** ✓<br>(Kandidaat moet slegs die woord neerskryf, soos gevra, om 'n punt te verdien. **Die spelling moet korrek wees.**) | | Korrekte kennis en gebruik van bywoord. | (1) | 1 |
| | | | | **[14]** | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **VRAAG 6: PRENT** | | | | |
| | | | | |
| **VRAAG** | **ANTWOORD** | | **PUNT** | **DENK-VLAK** |
| 6.1 | handsak ✓ | Woordeskat | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.2 | kruideniersware ✓ | Woordeskat | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.3 | blitsvinnig ✓ | Woordeskat | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.4 | waentjie ✓ | Woordeskat | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.5 | kasregister ✓ | Woordeskat | (1) | 1 |
| | | | | |
| 6.6 | voorskoot ✓ | Woordeskat | (1) | 1 |
| | | | **[6]** | |

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou